Resensies

Den Hertog, G.C. 2004. **Traditie en vernieuwing.** Apeldoorn: Theologische Universiteit Apeldoorn.
(*J.H. van Wyk*) 549

Paul, M.J., Van den Brink, G. & Bette, J.C., *reds*. 2004. **Bijbelcommentaar Genesis-Exodus.** Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek.
(*P.P. Kruger*) 551

Thomas à Kempis. 2004. **Die navolging van Christus. Riglyne vir die opregte geloofslewe.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*G.A. Lotter*) 554

Janson, M. 2004. **Die passie van Christus. Die laaste sewe dae.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*B.J. de Klerk*) 556

Seamands, D.A. 2004. **Genesing van emosionele pyn.** Vereeniging: CUM.
(*W.C. Coetzer*) 557

Cilliers, A. 2004. **God se wil en ek … op hierdie tyd en plek.** Wellington: Lux Verbi.BM.
(*B.J. de Klerk*) 560

Resensies

Den Hertog, G.C. 2004. **Traditie en vernieuwing.**
Apeldoorn: Theologische Universiteit Apeldoorn. (Apeldoornse Studies no. 46.) 46 p. Prys: €6,00. ISBN 90-75847-15-7.

Resensent: *J.H. van Wyk*
(Navorser: Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie geskrif bevat twee (bygewerkte) voordragte wat die outeur by verskillende geleenthede gelewer en later saamgebundel het.

Die eerste voordrag is aan die Theologische Universiteit Apeldoorn gelewer tydens 'n studiedag wat genoemde universiteit in samewerking met die Confessioneel Gereformeerd Beraad gereël het. Dit handel veral oor die betekenis van die gereformeerde belydenis vir die geloofsoordrag in hierdie tyd. Dit is 'n boeiende hoofstuk waarin daar, teen die agtergrond van die tydsgees van outonome denke en rasionalisme, gewys word op die belangrikheid van outentisiteit, integriteit, spiritualiteit en innerlike oortuiging by die (moderne gereformeerde) teoloog. Den Hertog lê 'n swaar aksent op teologiese vryheid en wys daarop dat die Belydenis nie op dieselfde vlak as die Skrif hanteer moet word of as filter vir die verstaan van die Skrif moet dien nie (p. 14). Die Belydenis dien as "rigtingwyser, as hermeneutiese sleutel, wat sy deugdelikheid sal moet bewys in die luister na die Skrif, wat die bron van 'n heel ander gesag is" (p. 19). "De belijdenis wordt onrecht aangedaan, als je die als een bundel zelfstandige waarheden benadert, waarnaar we geen omkijken meer hebben, omdat nu alles op formule staat" (p. 23).

Die outeur herinner aan (uitdagende) woorde van prof. J. Hovius, wat van 1947 tot 1972 kerkgeskiedenis in Apeldoorn doseer het, aan sy studente: "Zolang je hier studeert mag je voor alle ketterijen wat voelen en ze uitproberen, als je er maar doorheen bent wanneer je de gemeente in gaat" (p. 12). Hy verwys ook na die korrespondensie wat H. Bavinck met sy (vrysinnige) vriend Snouck Hurgronje gevoer het en waarin Bavinck daaroor kla dat daar "zooveel enghartigheid, zoveel bekrompenheid onder ons is [d.w.s

in die Afgeskeie kring] en't ergste is, dat dat nog voor vroomheid geldt" (p. 26).

Den Hertog sou in hierdie verband ook na 'n ander uitspraak van Bavinck kon verwys het: "Enige rekbaarheid in de zuiverheid van de bediening des Woords moet op protestants standpunt wel aangenomen worden, wijl anders bijna alle gemeenschapsleven onmogelijk zou worden en het sektarisme op de schrikkelijkste wijze zou worden gevoed" (*De katholiciteit van Christendom en kerk*. 1968:26; oorspr. 1888.)

Die tweede lesing van Den Hertog handel oor "ongehoorde vernuwing" na aanleiding van Efesiërs 4:23. Dié lesing is gehou in die kader van die "Uytenbogaert"-lesings in die Remonstrants Gereformeerde Kerk te 's-Gravehage waar teoloë vanuit uiteenlopende agtergronde bydraes gelewer het.

Die skrywer wys daarop dat ware vernuwing ten diepste nie vanuit die samelewing (vooruitgangsoptimisme) of vanuit eie menslike vermoëns (humanisme) kan plaasvind nie, maar slegs vanuit die evangelie van Jesus Christus. Dit neem nie weg nie dat teoloë ook na die stemme van ander Christene en selfs nie-Christene moet luister, omdat hulle ons aandag dikwels vestig op die onsigbare kragte wat ons denke en dade stuur. "Voortdurend zullen we ons door kritische vragen van buiten de theologie in de rede laten vallen" (p. 38). Tog moet gesê word dat die diepste kritiese vrae voortvloei uit ons ontmoeting met Jesus Christus in die Skrif self, omdat die bron van onvryheid dáár aangewys word.

Hierdie kort oorsig bied maar enkele flitse van wat in hierdie twee voordragte aangeraak is. Dit gee ons ook goeie insae in die problematiek waarmee gereformeerde teoloë (en kerke) tans in 'n gesekulariseerde Wes-Europa gekonfronteer word en hoe hulle daarop reageer. Den Hertog toon duidelik aan dat die tyd vir goedkoop en oppervlakkige antwoorde verby is en dat ons diepste lewensvrae slegs vanuit die evangelie van Jesus Christus 'n juiste antwoord vind.

Die boek bied boeiende leesstof wat tot nadenke stem.

Paul, M.J., Van den Brink, G. & Bette, J.C., *reds*. 2004. **Bijbelcommentaar Genesis-Exodus.** Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek. (Studiebijbel Oude Testament, 1.) 1029 p. Prys: €72. ISBN 90-77651-01-2.

Resensent: *P.P. Krüger*
(Vakgroep Ou Testament, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Aan die einde van 2003 het die laaste deel van ’n sewentiendelige reeks SBNT (Studiebijbel Nieuwe Testament) verskyn. Met die verskyning van die laaste deel is ’n projek, wat in die begin van die tagtigerjare deur die Stichting “In de Ruimte” te Soest begin is en in 1998 deur die Centrum voor Bijbelonderzoek (CvB) in Veenendaal oorgeneem is, afgesluit. Die hoogs bejaarde prof. Herman Ridderbos (93) is genooi om hierdie laaste deel van SBNT in ontvangs te neem by die Christelijke Hogeschool Ede (CHE).

In Mei 2004 het die eerste deel van ’n beoogde tiendelige reeks SBOT (Studiebijbel Oude Testament) verskyn, naamlik *Bijbelcommentaar Genesis-Exodus.* Ds. A. van der Veer, Voorsitter van die Evangeliese Omroep, is uitgenooi om die eerste eksemplaar in ontvangs te neem. Hierdie verbintenis met die Evangeliese Omroep sê al klaar iets van die benadering en teikengroep van die SBOT, naamlik evangeliesgesindes in Nederland, wat uitgaan van die oortuiging dat die Bybel God se Woord is. Afhangend van ’n mens se eie vertrekpunt, sou ’n mens hierdie teikengroep as Skrifbehoudend, breedweg gereformeerd, ligweg charismaties of fundamentalisties kon tipeer. Die stofomslag meld dat die kommentaar bedoel is vir geïnteresseerde gemeentelede en teoloë.

Die eindredakteur van hierdie eerste deel oor die Ou Testament is prof. M.J. (Mart-Jan) Paul, Ou-Testamentikus, Hervormde predikant, dosent in Ou Testament aan die Christelijke Hogeschool Ede en buitengewone hoogleraar in Heverlee (België). Prof. Paul is bekend vir sy proefskrif (Ryksuniversiteit van Leiden – 1988) wat handel oor die verhouding tussen Deuteronomium en die reformasie van koning Josia – *Het Archimedisch punt van de Pentateuchkritiek* – Rijksuniversiteit.

Drs. Gijs van den Brink, voorganger van de evangeliegemeente Elim in Doorn en Nuwe-Testamentikus, wat onder andere bekend is vir sy studie oor die voorkoms van die konsep *hel* in die Nuwe Testament, het as medeouteur opgetree, asook ds. J.C. (Hans) Bette, voorganger van die evangeliegemeente, De Regenboog in Veenen-

daal. Laasgenoemde is ook Voorsitter van die Centrum voor Bijbelonderzoek, wat die reeks uitgee.

Die kommentaar is gebruikersvriendelik uiteengesit in redelike groot druk, met duidelike indelings en opskrifte, asook kaarte, diagramme en illustrasies. Hierdie keurige formele versorging is 'n welkome verbetering op die tipe Europese kommentare van so twintig en meer jaar gelede waaraan ons gewoond is.

Elke regterkantste bladsy bevat die teks van die *Biblia Hebraica Stuttgartensia* (BHS), asook 'n transliterasie en interlineêre Nederlandse weergawe. Bokant die Hebreeuse woorde staan die verwysingsnommers van James Strong, wat die teks toeganklik maak vir persone wat nie die grondtaal (Hebreeus) ken nie. Die outeurs het op die Strong-nommers besluit eerder as die nuwer stelsel van Goodrick-Kohlenberger, omdat baie populêr-wetenskaplike naslaanwerke en konkordansies, veral in die Engelstalige wêreld, eersgenoemde stelsel gebruik.

Die regterkanste bladsye bevat ook 'n kolom waarin vyf Nederlandse Bybelvertalings vergelyk word, naamlik die Statevertaling (hersiene uitgawe 2002), Nieuwe Vertaling NBG (1951), Willibrordvertaling ('n Katolieke vertaling), Groot Nieuws Bijbel (GNB) en die Nieuwe Bijbelvertaling (NBV) wat in 2004 die lig gesien het. Hierdie vers-vir-vers-vergelyking van vertalings maak van SBOT 'n multivertalingsbybel in die ware sin van die woord en voeg werklik waarde toe tot die kommentaar.

Die kommentaar op die linkerkantste bladsye konsentreer op die teks in sy finale vorm en in sy samehang met die res van die Kanon. In die bespreking self word heelwat aandag gewy aan Skrif-met-Skrif-vergelyking en word die lyn na die Nuwe Testament uitdruklik deurgetrek. Sodanige openbaringshistoriese lyne word nie dikwels in Bybelkommentare getrek nie en is beslis 'n winspunt.

Kronologiese en geografiese gegewens in die teks word as gegewe beskou. Wanneer die datering van biskop Ussher byvoorbeeld bevraagteken word, word dit vanuit die teks van die Bybel gedoen. Verwysing na histories-kritiese benaderings word hoofsaaklik beperk tot voetnote onder aan die bladsye en inleidings tot die Bybelboeke. Dieselfde geld vir verwysings na onlangse argeologiese vondste en vergelyking met buite-Bybelse oorlewerings (byvoorbeeld ten opsigte van die skepping en sondvloed). Die voetnote is bedoel vir lesers wat dieper op die teks van, agtergrond van, of wetenskaplike debat oor die teks wil ingaan.

Daar word in die inleiding tot die Bybelboeke en in die bespreking aandag gegee aan die formele opbou van die Bybelteks, veral met verwysing na konsentriese of chiastiese strukture. Genesis word ingedeel aan die hand van die *toledot*-formule en Eksodus word tematies ingedeel.

Aan die einde van die kommentaar is ’n tiental artikels met ’n skat van inligting wat vir die Bybelleser werklik van waarde kan wees, byvoorbeeld oor die kronologie van die vroeë Bybelgeskiedenis (aartsvaders, ensovoort), verbondsluiting in die Ou Nabye Ooste, belangrike buite-Bybelse tekste met betrekking tot Genesis en Eksodus wat ontdek is, asook wetstekste van die Ou Nabye Ooste en in die boek Eksodus. Die kommentaar sluit af met ’n uitgebreide literatuuroorsig, wat vir ’n eksegeet van groot waarde kan wees.

’n Groot winspunt van die kommentaar is dat die Centrum voor Bijbelonderzoek ’n webtuiste (www.studiebijbel.nl) onderhou waar die “hardekopie” (die boek) gereeld aangevul word. Hierdie webwerf word gereeld opgedateer en skakels na webwerwe oor die onderskeie Bybelboeke word bygehou.

Hierdie studiebybel word van harte aanbeveel vir lidmate en predikante wat fokus op die teks in sy finale vorm. Die redakteurs maak daarop aanspraak dat hierdie kommentaar die eerste kommentaar vanuit ’n Skrifgetroue standpunt is wat in vyftig jaar in Nederland verskyn het. Persone wat verwagtings het dat die kommentaar op historiese vrae oor die ontstaan van die teks sal ingaan, sal egter teleurgesteld wees. SBNT is byvoorbeeld deur vele teoloë as populêr-wetenskaplik en te konserwatief afgemaak.

Eintlik moes SBOT uit ten minste 30 dele bestaan het as dit die patroon van die 17-delige SBNT wou voortsit. Die redaksie het doelbewus besluit om SBOT tot tien dele te beperk omdat hulle 30 dele as onhaalbaar beskou het. Hierdie beperking maak die kommentaar plek-plek baie oorsigtelik en daarom ietwat on-bevredigend.

Vir dieselfde prys of goedkoper is daar meer uitgebreide kommentare met dieselfde uitgangspunte uit die Engelstalige wêreld beskikbaar – sommige ook elektronies. Sodanige kommentare het egter nie die Bybelteks, verskeie vertalings, die Strong-nommers en agtergrond-artikels alles in een nie. Dit sal Afrikaanse predikante tewens baat om ’n kommentaar soos SBOT op die rak en studeertafel te hê. Die stelwyse en segging is nader aan Afrikaans as die Engels en kan die prediker help om in sy taalgebruik los te

kom van ’n verkapte Engels, wat die geval kan wees wanneer slegs Engelse bronne gebruik word.

Thomas à Kempis. 2004. **Die navolging van Christus. Riglyne vir die opregte geloofslewe.** Wellington: Lux Verbi.BM. 352 p. Prys: R119,95. ISBN 0 7963 0212 X.

Resensent: *G.A. Lotter*
(Vakgroep Praktiese Teologie,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Hierdie besondere werk is ’n nuwe Afrikaanse uitgawe van die klassieke boek van Thomas van Kempis (hy is so genoem na Kampen, die stad van sy herkoms) uit die jaar 1441. In die verantwoording aan die einde van die boek word omvattend beskryf hoe die taal hanteer is en alhoewel dit oorspronklik in Latyn geskryf is, pas die ritme en segswyse van die boek by die Afrikaanse stelwyse omdat Thomas se taalgebruik dieselfde Dietse basis het wat Afrikaans ook het.

By die voorafgedeelte voor die teks van *Die Navolging van Christus* aan die beurt kom, is daar ’n *Inleiding* van tien bladsye wat die leser begelei om beter te verstaan waar dié belangrike werk vandaan kom, biografiese inligting oor Thomas self word gegee asook ’n samevatting waaroor die verskillende *Boeke* handel. (Hierdie werk is verdeel in vier boeke wat die opstellers op ’n akronieme wyse opsom om elke boek te tipeer).

Die belangrikheid van *Die Navolging van Christus* in die geskiedenis van die ontwikkeling van Christelike spiritualiteit kan kwalik genoegsaam beklemtoon word. Dit is een van die mees gelese Christelike boeke naas die Bybel. Die groot rede vir die gewildheid van hierdie werk lê waarskynlik daarin dat die diepste en belangrikste geloofswaarhede op ’n bevatlike wyse gestel word deur middel van poëtiese frases. Die leser word nie vermoei deur lang stukke nie, maar korter gedeeltes wat elkeen ’n besondere fokus op die geloofslewe het. Dink in hierdie verband aan temas soos “Dink eerder min van jouself” (Boek 1/ 2) en “Hoe wonderlik werk God se liefde” (Boek 111/5). Tussendeur kom voetnote voor met verwysings na die teksgedeeltes wat organies deur die skrywer genoem word. Hieruit blyk hoe goed Thomas die Bybel geken het. Die basiese deugde van *humilitas* (nederigheid) en *simplicitas* (eenvoud) vorm ’n

onsigbare lyn deur die werk en is ’n aanduiding van dié sake wat die nuwe vorm van spiritualiteit wat Thomas voorstaan, tipeer. Hy tree op binne die *Devotio Moderna* (nuwe toewyding) wat ’n tipe vernuwingsbeweging was wat in die 15de eeu op die Noord-Hollandse platteland veld gewen het. Hierdie beweging wou veral die volgende bewerkstellig: ’n terugbeweeg na die eenvoudige godsdiensoefening van Bybellees, bid, nadink, stil-wees voor die Here en die handhawing van stilte. Soos Thomas dit self stel: “Soek vir jou ’n geskikte tyd om alleen te wees, en dink dan dikwels na oor God se goeie guns in jou lewe” en op ’n ander plek: “In die stilte en afsondering beleef die toegewyde gelowige geestelike groei en leer so een van die geheimenisse van die Heilige Skrif verstaan” (Boek 1/ 20).

Terwyl ’n mens lees van die “ware oefeninge van die gelowiges”, besef jy hoe lawaaierig en ongeestelik die wêreld geword het waarin ons woon en hoedat mens se eie geloofslewe dikwels veragter omdat daar nie tyd is om aan dié dinge wat Thomas beskryf, aandag te skenk nie. Die samestellers van die werk het waarskynlik voorsien dat baie mense sou reageer op hierdie “Rooms-Katolieke” skrywer se spiritualiteit. Hulle toon dus suksesvol aan hoedat *alle* Christengelowiges eintlik deel in hierdie tipe spiritualiteit omdat dit kom uit die kerk toe die kerk nog één was en voor die uitmekaarloop van paaie met die Reformasie in die 16de eeu.

Alhoewel dit soms deurskemer dat hierdie werk sterk fokus op die mistiek, is dit nie steurend vir die gereformeerde leser wat miskien versigtig is vir die uitwasse van die mistiek nie. Soos dr. Nicol (wat een van die medewerkers was) dit gestel het by die bekendstelling van die werk: hierdie is eintlik ’n inleiding tot die diepere mistiek en nie die mistiek self nie.

’n Mens sou jou kon voorstel dat iemand soos Thomas wat in ’n klooster gebly het, baie teoreties en abstrak sou wees in sy denke. Tog impliseer sy skryfmetode altyd die toepassing van geloofs-dimensies in die alledaagse lewe. Dit is aspekte wat die *Navolging van Christus* so aantreklik en altyd relevant maak vir gelowiges van alle tye: die diep, soms amper onbegryplike beginsels van die Skrif wat lewendig gemaak word selfs vir mense wat 600 jaar na Thomas leef.

Dit is prysenswaardig dat Lux Verbi hierdie rigting inslaan om ou klassieke werke te laat publiseer in Afrikaans, soos die spiritualiteit-skrywer, Henri Nouwen se *Dagboek vir wysheid en geloof* en ook

boeke soos *Die groot gebedeboek* (saamgestel deur Estelle Steenkamp).

Die feit dat die *Navolging van Christus* in hardeband gedruk is en baie moeite gedoen is met die estetiese aanbieding binne en buite, maak dit aantreklik en 'n bate vir enige ywerige leser van werke oor spiritualiteit. Ek wil graag die *Navolging van Christus* baie sterk aanbeveel. Dit kan as verwysingsbron weer en weer gebruik word.

Janson, M. 2004. **Die passie van Christus. Die laaste sewe dae.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 117 p. Prys: R59,95. ISBN 0 7963 0218 9.

Resensent: *B.J. de Klerk*
(Skool vir Kerkwetenskappe, Potchefstroom-kampus, Noordwes-Universiteit)

Die gebeure in die laaste week voor die opstanding van Christus bly aangrypend, maar ook vir ons pynlik en dwing ons tot verwondering en ootmoed. Dié geskiedenis word deur al vier Evangelieskrywers in besonderhede weergegee en Murray Janson integreer die opeenvolgende fases chronologies op 'n nuwe, pakkende en aktuele wyse. Hy fokus op die gebeure van die Sondag se intog in Jerusalem tot die opstanding op die volgende Sondag. In die slotgedeelte vergelyk hy die twee belangrikse weke in die geskiedenis van God met die mense waaroor die Bybel uitvoerig praat. Die eerste is die week van die skepping en die tweede die laaste week van die lyding van Christus. Hy skryf: "Daar het in albei hierdie weke iets toegegaan. In die eerste week van die skeppingsgeskiedenis het 'n tuin toegegaan .... En in die laaste week van Christus se lydensgeskiedenis het 'n graf in die tuin toegegaan".

Die gebeure op die Maandag, naamlik die vervloeking van die vyeboom en die sweep in sy hand waarmee Hy die tempelreiniging hanteer, word vars aangedui. Die Dinsdag as 'n dag van vele gesprekke is die voorspel tot 'n rustiger Woensdag waartydens twee uiteenlopende gebeure plaasvind: Jesus se salwing deur 'n vrou met duur, waardevolle olie en een van die Twaalf wat oorstap na die priesterhoofde. Die gebeure op die Donderdag lei na die Bokamer en die instelling van die Nagmaal ... 'n dag en nag wat oorloop na 'n vroeë oggend se verhoor. Die kruisgebeure en die sewe kruiswoorde beskryf Janson op so 'n wyse dat die leser dit byna sigbaar

beleef. Die skrywer slaag daarin om die sondige mens opnuut te laat besef watter groot liefde God die Vader in die gee van sy Seun openbaar en watter donker dimensies die lyde en sterwe van Christus aangeneem het.

Die boek is oorspronklik in 1971 uitgegee onder die titel: *Sewe dae sonder son. Die laaste lydensweek.* In 1998 het die tweede uitgawe verskyn onder 'n nuwe titel: *Sewe dae sonder son. Herontdek die diepe betekenis van Jesus se lyding vir ons stukkende wêreld.* Hierdie derde uitgawe onder die nuwe titel: *Die Passie van Christus. Die laaste sewe dae*, verskyn na die vrystelling van die opspraakwekkende film *The Passion of the Christ.* Die uitgewers stel dit self dat die film 'n beroering onder fliekgangers gebring het en dat baie dit vreemd vind dat Jesus se lyding 2000 jaar gelede aan die kruis mense steeds so diep kan raak. Dit mag ook die motivering wees dat die uitgewers na die dood van Murray Janson besluit het om die boek weer uit te gee onder feitlik dieselfde titel as die film. Die boek is ook in Engels beskikbaar as *The Passion of Christ.*

Murray Janson se boek is, nadat dit meer as 30 jaar gelede die eerste keer verskyn het, nog steeds 'n baie waardevolle verduideliking van en 'n venster op die lyding voor en tydens Jesus se kruisiging. Dit word sterk aanbeveel by lesers van enige ouderdom.

Seamands, D.A. 2004. **Genesing van emosionele pyn.**
Vereeniging: CUM. 136 p. Prys: R59,95. ISBN 1-77000-060-7.

Resensent: *W.C. Coetzer*
(Praktiese Teologie,Potchefstroomkampus,
Noordwes-Universiteit)

David Seamands en sy eggenote het as sendelinge vir 16 jaar in Indië gewerk. Vir 22 jaar was hy in voltydse bediening in die Metodistekerk en die laaste agt jaar voor aftrede het hy 'n professoraat beklee in Pastoral Ministries by die Ashbury Theological Seminary in Whitmore, Kentucky. In 1997 het Pamela Campbell 'n onderhoud met Seamands gevoer en dit is gepubliseer in *Christian Counseling Today,* 5(3):18-23. Insiggewende agtergrondgegewens rondom die aanloop tot die skryf van die boek, *Healing of damaged emotions* (titel van die Afrikaanse vertaling: "Genesing van

emosionele pyn”), kom in hierdie onderhoud na vore. Op daardie stadium was hierdie boek reeds in 21 tale vertaal. Seamands vertel hoe daar in sy aanvanklike teologiese opleiding geen vak rondom die tema van berading ingesluit was nie. Die praktyk het hom egter gedwing om homself te verdiep in literatuur wat handel oor beradingsaangeleenthede. Hy het ook vroeëre outeurs soos John Wesley, Richard Baxter, Martin Luther en Johannes Calvyn se werke begin deurwerk. Dan was daar ook die werk van Thomas Oden, *Care of souls in the classic tradition.* Die geskiedenis rondom pastorale sorg soos beskryf in hierdie boek, het ’n groot indruk op Seamands gemaak.

Seamands sou inderdaad ook beskryf kan word as ’n pionier binne die sogenaamde Christian Counseling Movement wat gedurende die sestiger- en sewentigerjare sterk stukrag begin kry het. Die inhoud van sy boek, *Genesing van emosionele pyn*, moet dan ook teen daardie agtergrond geëvalueer word. Seamands is van mening dat hierdie boek “came out at the right time from the right place with the right subject”. In 1966 het hy begin om ’n reeks preke te lewer wat later die basis sou vorm van die onderskeie hoofstukke van hierdie boek. Persone soos Norman Wright, James Dobson en Clyde Narramore het in daardie jare duisende kassette en pamflette versprei met inhoud wat gebaseer was op hierdie reeks preke deur Seamands. In 1981 is die boek vir die eerste keer gedruk en sedertdien het dit verskeie herdrukke beleef. Die uitgewer wou aanvanklik ’n ander titel hê, maar Seamands het aangedring op die huidige titel aangesien al die reeds bestaande kassette en pamflette daarop gebaseer was.

Wat die inhoud van die boek betref sê Seamands:

> I didn’t use a lot of psychological jargon in the book. When it came out in lay language from a person whom people trusted, all of a sudden they listened and read it and let down their evangelical prejudices. This allowed those kinds of orthodox Christians to go for help as they realized their need of psychological therapy and still save face theologically.

Hy sê ook dat hy in die boek deurgaans gefokus het op Christen-berading en emosionele genesing as belangrike komponente binne die geestelike groeiproses van heiligmaking by die gelowige. Sy uitgangspunt is dat Christelike berading die gelowige kan help om genesing van emosionele letsels en verwonding uit die verlede te ervaar. Aspekte soos emosionele letsels blokkeer normaalweg die proses na geestelike volwassenheid. In die boek word vervolgens

met behulp van talle praktiese voorbeelde deurgaans klem gelê op ’n verskeidenheid emosionele areas waar mense oor die algemeen seerkry as gevolg van teleurstellings, skokke, trauma en verwerping. Seamands skryf die sukses van hierdie boek toe aan die feit dat “I don’t turn people off with classic psychological language, and I share a framework of biblical theology into which Christian counseling fits as a part of their sanctifying process.”

Die frase, *healing of memories,* figureer redelik sterk in die boek (dit sluit aan by ’n soortgelyke titel van ’n vorige boek van hom wat tans uit druk is). Hy vertel hoedat hy op die sendingveld asook later tydens sy gemeentelike bediening, gereeld gekonfronteer was met persone wat hulp gesoek het vanweë traumatiese herinneringe wat nie wou opklaar nie – dit was asof pynlike gebeure uit die verlede telkens weer in hierdie persone se denke afgespeel het. Seamands het gevolglik as deel van sy berading aan sulke persone besonder klem begin lê op gebed rondom hierdie pynlike herinneringe. “Then Christ is invited to minister in the prayer time not to the grown up person in front of you, but to that inner child of the person’s past or whatever you want to call it.” Hy het die persoon vervolgens begelei om self te bid en met Jesus Christus te praat asof hy/sy daardie kind van ses is wat destyds gemolesteer is (of wat die trauma ook al mag gewees het). Seamands is realisties oor die feit dat hierdie maar net een van verskeie benaderings is en dat dit nie noodwendig van toepassing is op elke persoon se situasie nie.

Dit blyk baie duidelik uit hierdie boek dat Seamands se benadering deurgaans daarop gefokus is om mense in staat te stel om hul eie pyn en seer van die verlede te identifiseer. Eie pyn en seerkry lei dikwels tot ’n verdraaide Godsbeeld waardeur so ’n persoon verhinder word om versoen te kan raak met God as ’n liefdevolle Hemelse Vader. Wanneer daar egter genesing van die gekneusde emosies plaasvind, bring dit ’n gebalanseerde Godsbeskouing en loop dit uit op geestelike groei. Gekneusde emosies het dikwels ook gebrekkige selfvertroue en ’n swak selfbeeld tot gevolg – hieraan word besondere aandag in sy boek gegee.

Daar is ook twee hoofstukke oor depressie, met treffende perspektiewe rondom ’n Bybels-teologiese benadering tot hierdie probleem. Die klem word ook veral geplaas op die sogenaamde reaktiewe depressie wat gewoonlik die uitvloeisel is van onverwerkte pyn, skok en trauma. Hierdie gedeelte sou egter nog meer impak gehad het indien daar ook ietwat meer aandag gegee is aan resente sielkundig-wetenskaplike resultate van navorsing rondom hierdie tema.

In sy geheel bied hierdie boek handige pastorale riglyne en perspektiewe rondom die begeleiding van die getraumatiseerde persoon in die algemeen. Die voorbeelde wat gebruik word, is uiters aktueel en die beginsels wat geformuleer word, het besondere praktiese waarde – dit geld vir die persoon wat self worstel met onverwerkte emosionele pyn uit die verlede, sowel as vir die pastor/berader wat sulke persone geestelik moet begelei. Ek wil hierdie boek gevolglik van harte aanbeveel vir elke pastorale berader asook vir elkeen wat sit met letsels en emosionele wonde vanuit die verlede.

Cilliers, A. 2004. **God se wil en ek ... op hierdie tyd en plek.**
Wellington: Lux Verbi.BM. 127 p. Prys: R52,95. ISBN 0 7963 0209 X.

Resensent: *B.J. de Klerk*
(Skool vir Kerkwetenskappe,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit)

Om God se openbaringswil in die Bybel te ontdek, is eenvoudig. Dit trek saam in die bekende gebod: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en jou naaste soos jouself.” Om egter te weet wat God se wil op hierdie tyd en plek is, vra dieper en meer kinderlike besinning. Andries Cilliers vergelyk hierdie ontdekkingsreis om te soek na God se wil met die harde winde wat in Augustusmaand waai. Soms is hierdie stormwinde wat die blare opjaag simbool van ons stormagtige lewe vol pyn en verwarring en hartseer en verwyte. Maar wie die wind reg lees, ontdek ook dat God se Wind, God se Gees ’n ander sekerheid in jou wakker maak: God ontferm Hom oor my en daarom kan en moet ek my oorgee aan die roete waarop Hy my neem.

Die vrae wat elke gelowige soekend vra, is onder andere: Wat maak ek op hierdie tydstip van my lewe juis op hierdie plek? Wat is God se plan met my? Wat is die sin van my bestaan? Dit is moeilike vrae wat nie maklik wil weggaan nie. Nog moeiliker die vrae: Waar is God in hierdie vaal, plat, ploeterbestaan wat hulle “lewe” noem? Hoe oorleef ’n mens as God se mens in ’n wêreld waarin dit lyk asof God nie saak maak nie? Hoe oorleef ’n mens in ’n wêreld wat dikwels onmenslik hoë eise stel; in ’n tyd en op ’n plek wat nie omgee vir jou menswees nie? Cilliers gee nie kitsantwoorde op hierdie lewens-

kwessies nie, maar begelei die leser om *deur* die vraag te dink en so goed moontlik *met* die vraag te kan leef.

Aan die hand van die Bybel help hy die leser om méér te weet, te ervaar en te bely oor hierdie vrae en om sodoende by God tot rus te kom. Hy soek vanuit die troosbrief aan die Romeine gelowige antwoorde. Sy uitgangspunt is God se groot ontferming (Rom. 12:1). God se ontferming is die liefde wat Hy aan ons bewys in ons weerloosheid. Cilliers skryf so oor God se ontferming en ons weerloosheid, wat ook ons goddeloosheid insluit:

> Geloof is om oorrompel te word deur die groot ontferming van God. Geloof is om jou algemeen menslikheid, jou feilbaarheid en beperktheid, maar ook jou goddeloosheid te leer ken, om jou magteloosheid om self daarvan ontslae te raak te leer ken, maar ook om te ontdek: God spreek die goddelose vry (p. 42).

Juis vanuit God se ontferming kom die oproep om ons aan God te gee, oor te gee onder die besef dat ontferming die manier het om jou in besit te neem. Gee jouself as offer, want offer beteken dat God jou vra om jou in jou eenvoudige weerloosheid oor te gee aan sy ontfermende liefde. Dit sal meebring dat die gelowige weerstand kan bied teen die sondige wêreld wat jou wil laat konformeer, terwyl God jou wil transformeer. Hierin speel selfs tradisie ’n negatiewe rol, want slegte tradisie is “die demokrasie van die dooies” (p. 67). Die dooies regeer dan nog steeds vanuit die graf.

Heel eenvoudig is die antwoord op die vraag na God se wil: “Wat God wil hê, is dat ons mense moet wees wat Hom liefhet en ons naaste soos onsself” (p. 109). Cilliers sê om God se wil te kan onderskei, volgens Filippense 1:9-10, “beteken dat ek moet kan onderskei wat regtig belangrik is in my verhouding met mense” (p. 111). In die worsteling om God se wil te ken, veral in swaarkry en pyn, moet ons weet dat God hard kan werk met ons. Hy breek soms skanse af waaraan ons lank gebou het. Hy laat jou jou weerloosheid voel. Eintlik wil God met dit alles vir ons sê: Ek gee om vir jou en Ek wil jou ’n mens maak wat omgee, al kos dit ook wat (p. 120).

Hierdie boek gee aan die leser die ruimte om aan die hand van die Bybel sy of haar lewe en veral lewensvrae weer in oënskou te neem. Dit is ’n maklik leesbare boek wat in moderne Afrikaans geskryf is. Dit mag hier en daar vir ’n sekere soort leser té veel vreemde segswyses bevat, met die gebruik van dié Engelse woorde wat alreeds in ons spreektaal ingesluip het: Nebukadneser se oorwinning oor Jerusalem word byvoorbeeld so beskryf: “Nou lyk die Here ook soos ’n *loser* en die gode van Babel soos wenners”

(p. 20). Tog het Cilliers die gawe om moeilike kwessies as lekker leesstof aan te bied en dit hou die leser se aandag dwarsdeur die boek. Die boek is geskik vir jongmense, middeljariges, ouer mense en vir albei geslagte. Die boek kan selfs deur ’n Bybelstudiegroep deurgewerk word en heerlike diskussie kan daaruit volg. Predikante sal preekstof daaruit kry en dit sal verrykende binnekamerleesstof wees.

Cilliers hanteer die Skrif as gesaghebbende openbaring van God, werk met tekste binne hulle konteks en herontdek sekere waarhede saam met die leser uit ons Belydenisskrifte. Hy is ’n Skrifgetroue teoloog wat die gawe ontvang het om diepsinnige vrae op ’n eerlike wyse aan die orde te stel.

Boeke ontvang / Books received

- Mostert, Bennie. 2004. **Geestelike oorlogvoering**. Vereeniging: CUM. 160 p. Prys: R59,95. ISBN 1-77000-097-6.
- Human, D. *et al*. 2004. **Die multivertaling Bybel.** Vereeniging: CUM. 1 688 p. Prys: R299,95. ISBN 1-77000-109-2.
- Nürnberger, K. 2004. **Biblical theology in outline. The vitality of the Word of God**. Pietermaritzburg: Cluster Publications. 248 p. Prys: Onbekend. ISBN 1-875053-41-7.
- Jones, C. 2004. **Eerste tree na geestelike verdieping.** Wellington: Lux Verbi.BM. 95 p. Prys: R52,95. ISBN 0 7963 0213 8.
- Vorster, J.M. 2004. **Ethical perspectives on human rights**. Potchefstroom: Teologiese Publikasies. 291 p. Prys: R195,00. ISBN 0-620-32363-9.